Gedigte

Henning Pietserse (1956)	By die dood van Albert Wessels	p. 217
	Sterre	p. 218
	Vleiloerie	p. 219
	Blink mistiek	p. 220
A.G. Ullyatt	Poem with no title: 14	p. 225
	Poem with no title: 5	p. 226
Marius Crous	Susan Sontag in Sarajevo: 'n Blad uit my ms. boek	p. 227

Kortverhaal

Dirk van Niekerk	Reis	p. 221

Die rubriek *Litera* word finansieel gesteun deur /
The section *Litera* is financially supported by

STIGTING VIR DIE SKEPPENDE KUNSTE
FOUNDATION FOR THE CREATIVE ARTS

Litera

Rubriek vir skeppende werk

Met die afdeling *Litera* tree ons toe tot die mark vir skeppende werk in al die tale waar daar normaalweg in *Literator* geskryf word.

Dit is die wens van die Redaksie dat die gedigte en kortverhale wat hierby verskyn, baie gedigte, kortverhale en prosa- en dramafragmente in ander inheemse tale sal roep, sodat hierdie blad één geïntegreerde beeld van die korter skryfwerk van jong Suid- Afrikaanse skrywers kan bied.

Dit is met vreugde dat ons die uitnodiging aan veral digters en kortverhaalskrywers rig om skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek, met die voorbehoud dat ons nie oor die mannekrag beskik om daaroor te korrespondeer nie. Bydraes in **viervoud** moet in dubbelspasiëring getik wees, met die naam en adres van die insender regs bo aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke losbladvel wat gestuur word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

In introducing the section *Litera* we are entering the market for creative work in all the languages that *Literator* normally caters for. It is the wish of the Editorial Board that the poems and short stories printed in this issue will only be the precursor of many poems, short stories, prose and drama fragments in all the indigenous languages, so that the journal will be able to present one integrated image of the short pieces of writing which young South Africans can offer.

It is with great joy that we extend this invitation to especially poets and short fiction writers to submit creative work with a view to publishing them in this section. The only reservation is that we do not have the manpower to enter into correspondence about the works submitted. **Four copies** of contributions have to be submitted. The submissions have to be typed in double spacing, with the name and address of the author at the top right of the first page of stapled text, and on every loose sheet sent in.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, Literator, (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

ISSN 0258-2279 LITERATOR 15 No. 2 Aug 1994

Henning Pieterse (1956)

By die dood van Albert Wessels – 22 Julie 1991

AAN DIE MOTIEF WAT INGEGRIF
BLY – VAE STEMPEL OP DIE SKRIF -
MAG MENS JOU WEER EENS VERGEWIS
VAN AFSTAND, VAN VERBINTENIS

- Elisabeth Eybers

'n engel het die nuus gebring?
selfs jý was onweerbaar
teen die lewe en
miskien tóg
bring die
graf
'n ewewig –
vir mý
wel stééds nie
terug

dis Juliemaand in Johannesburg
en jy verdra soos ander kadawers
dubbeld die koud in diepvrieskamers

tot wederom stuur ek
vars wit weerlose winterpapawers

alles loop reg;
altyd reg
Toyota?

Henning Pieterse (1956)

Sterre

hangend aan die hemelruim
se hoogste sport
skitter uitblinkers snags sag
skyn Venus, tweede van die son,
goedkeurend op opsitkerse af

naas Botha, is daar Zola
Fordyce en nog ander
wat opgekikker
aan die hoogste sport
in ander ruimtes flikker

bra klein is die sfere
vir Dolly Parton se meteore
vlesig tussen blinkers peul
die dubbelster
glinster groter ruimtes in
om aan die sewende hemelruim:
die hoogste sports
te hang

Henning Pieterse (1956)

Vleiloerie

smorens skel, byna hoendergroot

tussen dounat waterbessieblare deur

ontbied 'n vol

strotterige roggeling

'n weggesteekte wederhelf

Henning Pieterse (1956)

Blink mistiek

onverbloem pralerig
dans die spierskelette
trap die lusdans loslittig
oliehuide bult primaspiere
poliets vervel die Chippendales
tot deurtrekker en primordiale pels

onverdrote empaties
juksit ve(a)tterige vroue
gooi hormonaal bepaal
speuls stuk-stuk blare
die eerste tuin in
ontstyg aan die lyf
die hier en nou
word één met Adam:
Eva efemeer

Dirk van Niekerk

Reis

Hy is twintig jaar oud en meer as 'n jaar in die stad toe hy die telegram kry. Sy suster Dora is siek, hy moet dadelik kom.

Dis 1945 en moeilik om plek op die treine te kry. 'n Kollega bel stasie toe en kry vir hom plek op die aandtrein. Hy sal in die eersteklas moet reis, dis al wat beskikbaar is. Hy het nie genoeg geld nie, maar die baas help met vyf pond.

In die bus op pad na die stasie dink hy aan sy eerste treinreis, alleen en onseker op pad om werk te gaan soek. Die oorlog was nog aan die gang en die trein vol soldate, vyf van hulle by hom in die kompartement; vriendelike kêrels van sy eie ouderdom wat die reis na die vreemde wêreld makliker gemaak het, al het hulle nie geweet waar hulle eie reis sou eindig nie. Smuts se Rooilussies is ook maar net mense, besef hy vir die eerste keer.

Dié aand is daar twee ou mans saam met hom. Hulle is aan die gesels toe hy inkom en lyk gesteurd omdat hulle die kompartement met 'n derde moet deel.

"Ek hoop regtig nie hier word nog iemand ingeprop nie," brom die een.

Toe die trein beweeg, leun hy terug in die sitplek en dink aan sy mense: Pa en Ma, broers en susters. Dora is agt en twintig jaar oud. Sy is van haar veertiende jaar af verlam en kan nie loop nie; haar dae bring sy stil op die ysterkateltjie in die kamer deur.

Die trein hou op Irene stil en hy hoor die ou mans gesels.

"Wat dink jy," vra die een, "hoekom het ou Les so vinnig gevorder in die diens? Sou hy 'n bokryer wees?"

"Man, ek sal nie stry nie," antwoord die dikste van die twee, "maar hulle sê dis sy vrou. Sy en die Minister, saans as Les laat moet werk, jy weet." Hy maak 'n teken met sy vingers en hulle lag.

Die trein hou lank op Germiston stil en hy staan in die gang om nie die gesprekke te hoor nie. Toe die waens gerangeer is vir aansluiting met dié wat van Johannesburg af kom, kom die beddegoed. Hy wag in die gang terwyl sy bed op die boonste slaapbank opgemaak word. Toe dit klaar is, gaan hy na binne en trek uit om bed toe te gaan. Die ou mans hou op met gesels en hy weet hulle hou hom dop. Hy skuif onder die komberse in en draai op sy sy, weg van die lig.

Die jare op die plaas: Dora in die kamer, behalwe op lekker dae as daar iemand is om haar tenger liggaam op te tel en buite op 'n matras neer te lê; Pa wat roep as hy binnekom en haar vrolike antwoord; Ma wat sorgsaam help met was, eet, die pot; hy en sy jongste broer wat dikwels in Dora se kamer gaan speel. 'n Tyd lank het hulle probeer om haar te leer lees, baie in hulle skik as sy woorde kon uitspreek wat hulle vir haar klank. Eindelik was dit duidelik dat haar oë te swak was om letters op papier te herken; koördinasie tussen hand, oog en brein is óók belemmer deur die vreemde siekte wat sommige van haar ledemate aangetas het.

Liedjies het sy egter maklik aangeleer en saam met die ander gesing; selfs as sy alleen was, kon hulle haar hoor. Veral één gesang het sy graag gesing, trekkerig soos sy dit met huisgodsdiens gehoor het:

> Heer! Waar dan heen?/ Tot u alleen,
> Gij zult ons niet verstoten:
> U eigen zoon/ Heeft tot u troon
> Den weg ons weer ontsloten.

Soos die ander vier kinders, het sy die woorde seker ook nie goed verstaan nie.

Klein kuikentjies en pasgebore kalwers is by die kamer ingedra. Ma het gemaak of sy nie sien nie. Dora het hulle sag, met bewende vingers aangeraak. Op een van die seldsame dae dat Ma nie tuis was nie, het hulle 'n mak perd na die voordeur gebring, maar hy het telkens teruggedeins as hy sy voorpoot op die plankvloer neersit.

Hy sluimer in maar word wakker toe die ou mans begin om bed toe te gaan. Een van hulle loer oor die rand van sy slaapplek en hy maak sy oë toe.

"Hy slaap," sê die ou man en begin uittrek, "ek wonder wat dit met hom is." Dit lyk of hy skaam is om voor ander uit te trek.

Laat die nag gesels hulle nog terwyl die trein op 'n stasie staan.

"Ja, ons het baie probleme. Ons gaan moeilikheid kry met die immigrante, maar ek sê jou die naturelle is ons eintlike vraagstuk, jy sal nog sien."

"Ja, ek glo nie hierdie wet van Smuts-hulle sal die instroming keer nie."

"H'm. Maar dink jy Malan is die regte man ..."

Die trein fluit en die wiele rol voort. Hy trek die kombers oor sy ore om die ou mans se stemme uit te sluit.

Daar was 'n tyd toe almal geglo het dit sal nog regkom. Hy onthou hoe hy as sewejarige ernstig met Dora gesels het: "Jy moet net glo, dan sal jy weer kan loop." 'n Trooswoordjie van 'n besoeker wat hy onthou het; in die begin vir hom 'n uitgemaakte saak.

Mettertyd het die belangstelling van ander mense gekwyn en die gesin het alleen gestaan. Hulle lewens op die afgesonderde plaas het in baie opsigte om Dora, die engelmens, gedraai sonder dat sy iets geëis het: Pa wat roep en Ma wat sorg; broers en suster wat gaan gesels of kuikens en kalwers aandra. Iemand moes altyd tuisbly; gewoonlik was dit Ma want daar was werk op die lande en die twee jongstes moes skoolgaan.

Hy raak aan die slaap, maar word kort-kort wakker en hoor die ou mans snork of sug in hulle slaap; hy sit dan die liggie aan om op sy Zobo te kyk, want die trein kom net na vieruur die nag op Theunissen aan. Daar moet hy wag, vyf of ses uur, vir 'n aansluiting na Winburg.

Toe die kondukteur hom kom roep, is hy al klaar aangetrek. Die ou mans knip hulle oë vir die lig toe die deur oopskuif. Dit is nog 'n halfuur voor hy moet afklim, maar hy dra sy tas uit en skakel die lig af. Die wind waai koud deur die gang en hy is verlig toe hy die stasie se ligte sien. Toe hy afklim, gaan bêre hy sy tas in die wagkamer en loop 'n paar keer heen en weer op die platform om die koue uit sy bene te kry. 'n Ouerige egpaar waai vir iemand wat in 'n trein geklim het. Hy weet wie hulle is; hulle is van Winburg se distrik, maar hy ken hulle nie persoonlik nie. Toe hulle by hom verbyloop, praat die man met hom:

"Wag jy vir die Winburg-trein?"

"Ja, Oom."

"Dis 'n lang wag, seker 'n hele paar uur. Jy kan saam met ons ry."

Langs die pad vra hulle uit.

"Ja," sê die man, "ek ken jou pa."

Hy vertel van sy suster en die vrou kyk om.

"Ons is jammer, hoor. Dalk is sy beter as jy tuiskom, maar dink daaraan: haar gestel is seker baie verswak."

Hy wil nie daaraan dink nie; hy het nog nooit 'n dooie mens gesien nie. Toe hulle by die dorp inkom, sê hy:

"Ek sal bly wees as Oom my by Oom Marthinus hier voor kan aflaai."

"Goed," sê die man, "ek weet waar dit is. Dis mos jou ma se neef?"

"Ja, Oom. My pa hulle verwag my eers na twaalf op die stasie. Ek sal hier kan wag en dalk het hulle die jongste nuus."

Hy groet die boer en sy vrou en kyk hulle agterna totdat die motor om die hoek gaan. Die son wil-wil net opkom en dis stil in die huis. Hy staan by die stoeptrappe en kyk rond na die bekende omgewing: die torings van die twee kerke, Sap en Nat; agter die kliptoringkerk kan hy hom die plein voorstel, die stadsaal en ander ou geboue langs die betonstrate; die mooi kop buite die dorp, bedek met gras en plek-plek die donker kolle waar daar bome groei.

Hy asem die vars lug in; dis lekker om terug te wees. Niks sal verander nie. By die huis wag almal vir hom; hierdie siekte sal verbygaan; Pa sal inkom en roep; Ma sal sonder klag voortgaan met die versorging; sy sal almal ken soos vroeër toe sy hulle na lang afwesighede uit die kamer geroep het: "Kom groet my!"

Hy gaan met die trappies op na die toegeboude sonstoep. Die voordeur is nog toe. Dalk slaap die mense nog, dink hy en besluit om te wag totdat iemand binne praat of beweeg. Hy gaan sit op 'n riempiesbank en wonder of hy nie moet probeer slaap nie.

Hy kyk op na die ander kant van die lang stoep. Hy staan op en loop stadig tot daar; die donker kis staan op twee stoele teen die muur.

Agter hom hoor hy die voordeur oopgaan.

"Ek is jammer," sê Oom Marthinus, "ons het jou nie so vroeg verwag nie. Kom eet eers iets dan neem ons die kis uit plaas toe."

Hy draai weg van die kis. Dis asof dit hom nie raak nie.

ISSN 0258-2279 LITERATOR 15 No. 2 Aug. 1994

A.G. Ullyatt

Poem with no title: 14

We need to be
perpetually renewed,
born again from the ashes
of a temporary state
of disintegration or death

– David Cooper

i

winter was late anyway

I should have guessed
something in the seasons
had gone awry that long year
with birds singing
so late
into the warm evenings

ii

the colour of birds
clashes with the sun
autumn leaves swirl
toward the darkness
clutching at my coat

iii

rising sparsely into the cooling air
the smouldering shimmer of herbs
the colliding crackle of fragrances
and spice-sweet flames conceiving
the solitary bird

Poem with no title: 5

I am the rain upon the field
I am the sun that will not yield

I am the weed come to flower
I am the unnecessary hour

I am the river in full flood
I am the sacrificial blood

I am the source and the release
I am tomorrow and its peace

ISSN 0258-2279 LITERATOR 15 No. 2 Aug. 1994

Marius Crous

Susan Sontag in Sarajevo: 'n Blad uit my ms. boek

I

telkemale lok jou oë my terug

om weer te kyk

verby die silwer streep in jou kuif

in in die klein kamertjie in sarajevo

'n bril, sigarette,

twee kerse byderhand

waar jy, nes die banges buite

op godot wag

(By 'n foto van Annie Leibovitz)

II

die schmaltz en verveling van new york
die cocktailgeklets oor ingmar bergman
of die jongste rondom mia en woody
word hier in sarajevo
nie eens genoem
veraf val nog bomme
klink die gegil van verkragte vroue
in die skooljaart graaf hul laatnag grafte
'n nuwe besending lyke het gearriveer

in die flou skynsel van twee kerse
bril sigarette potlode en teks byderhand
repeteer sy en twee ander
hoe mens wag
op godot

III

(*Media vita in morte sumus*)

in new york verlig die neonson

nou die strate wolkekrabbers

teaters en disko's met kloppende musiek

'n ent hiervandaan

dolf 'n man

die stad se sokkerveld om

gereed

voor nog 'n besending lyke aankom

hier binne repeteer ons

aan die voetstap van godot

word ek 'n boodskapper

wat vir ander om my

in die kers se gryns moet tolk

miskien môre miskien oormôre

godweet

(Voetnoot: Die kritikus Susan Sontag het besluit om as intellektueel betrokke te raak by die krisis in Sarajevo. Sy het gaan help met die opvoering van *Waiting for Godot* Annie Leibovitz, bekende fotograaf vir *Vanity Fair* het haar tydens 'n repetisie gefotografeer. (Treffend op die foto is veral die somber gesigte vasgevang in swart en wit en die silwer streep in Sontag se kuif.)